

Donderdag 21 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 5:1-9

Fokusgedeelte: Nehemia 5:1, 9

Begenadigde, let op jou lewe!

Dit is duidelik dat daar oorlewingsnood is na afloop van die bou van die muur. Nood wat roep om antwoorde. Ongelukkig sien ryk volksgenote die gaping om ten koste van hulle medevolksgenote en strydig met die wet woekerwins te maak deur hulle volksgenote as slawe te verkoop. Van uitdagings van buite na uitdagings van binne. Nehemia belê 'n volksvergadering om aan die rykes te wys dat hulle besig is om hulle volksgenote te verslaaf.

Ellende! Wanneer 'n deel van die gemeenskap sondig en die ander deel word teen ge-sondig, as 'n kerk verdeel word tussen kwaaddoener en slagoffer, sink ellende in die diep-ste wese van die kerk in. Daar is geen blydschap so groot soos wanneer eensgesindheid en liefde algemeen is nie. Aan die ander kant is daar geen ongelukkigheid so volkome as wanneer verdeeldheid en haat volop is nie. Nehemia stel dit aan hulle dat hulle eerbied vir die Here moet hê en nie deur hulle optrede die vyand hulle te laat minag nie.

Hoe dien ons die Here? Hoe lyk ons beeld na buite? Verslaaf ons ons medegelowiges vir wie Christus gesterf het? Tree ons as gesante van God so op dat ongelowiges min-agting vir ons kry? Of dien ons die Here onder leiding van die Heilige Gees só dat ons as lig en sout, onder watter omstandighede ook al, deur Hom gebruik word om selfs die onge-lowiges te laat glo?

Sing: Psalm 89-1:6

Ds. Simon Hibbert (Koster)